Inleidend

Oostvallei aftree-oord is geleë in die Ooste van Pretoria. Die 120 wooneenhede lê knus tussen die lower van skaduryke ou bome. Die ontwikkeling het vroeg in 1990 `n aanvang geneem en die eerste inwoners het hul intrek reeds 'n hele aantal jare gelede geneem.

Oostvallei se spoggerige, boomryke tuine met waterstroompies en die gemoedsrus dat ’n mens ter enige tyd veilig in die oord kan gaan rondstap, is van die faktore wat die oord aangenaam maak. Dis `n paradys in die kleine. So dink 'n mens na 'n besoek aan die oord wat op die hoek van Coley en Serenestraat, Garsfontein geleë is.

Die ontwikkelaars, die Meyer-familie, het geen koste ontsien om ’n aftree-oord te skep waar senior burgers volkome gemoedsrus kan geniet nie. Die eienaars se siening en filosofie was van die beplanningstadium af dat daar nie eenvoudig “'n dak oor die kop’’ verskaf moet word nie maar wel ’n lewenswyse wat aan Oostvallei se senior burgers in hierdie fase van hulle lewe in die eerste plek ’n aangename verblyf met rus, vrede, gemoedsrus, gemak en veiligheid bied.

“Die klem val op ’n aangename, rustige en ’n kommerlose oudag,” sê Mnr Heiner Meyer en sy vrou Dr Adé Meyer. Mnr Meyer en sy pa, Mnr Heinz Meyer, was die ontwikkellaars van die weelderige woonplek terwyl Mev Anna Meyer, Barbara en haar man Jacques van Niekerk, opgeleide tuinboukundiges, wat aan beide Safari Tuinsentrum en die eienaar-maatskappy, Oostvallei, verbonde is, vir die uitleg van die prentjiesmooi tuine verantwoordelik was. Kabbelende waterstrome wat tussen die subtropiese plante kronkel, skep ’n ongelooflike rustigheid wat moeilik te versoen is met die woelige stadslewe buite die hoê veiligheidsmuur wat die kompleks omring.

Die landskapontwerp, waterstrome en damme met hul eende en veilige wandelpaaie is kundig uitgelê met net die beste gehalte plante om in die winter net so goed te vertoon soos in die somer. Inheemse bome is behou, en nuwe bome is op geskikte plekke aangeplant.

Dit is die enigste oord wat deur die eienaars self ontwikkel is en hulle het al hul aandag daaraan bestee om daarvan 'n prag oord te maak.

www.oostvallei.com

© Oostvallei